RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
JSE Top40	-0.8	3.6	17.6	14.9
JSE Mid cap	6.3	6.9	26.0	9.9
JSE Small cap	4.8	4.0	36.5	17.9
All Share Indeks (ALSI)	0.0	3.8	18.6	14.2
All Bond Indeks (ALBI)	0.5	1.9	12.4	8.4
Hulpbron Indeks	-2.0	18.2	31.7	26.9
Industriële Indeks	-4.9	-13.9	-4.7	7.7
Finansiële Indeks	12.2	20.2	49.7	7.6
Gelyste Eiendom Indeks	5.1	-1.3	27.1	-3.8
MSCI Wêreld Indeks*	2.8	-5.1	10.6	15.5
S&P 500*	3.7	-4.6	15.7	18.9
Dow Jones*	2.5	-4.1	7.1	12.6
FTSE 100*	-0.5	0.0	10.8	5.3
Hang Seng Indeks*	-3.0	-3.1	-20.2	-4.4
Nikkei 225 Indeks*	-1.7	-6.1	-21.0	-5.9

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	5.4	8.4	1.0	-0.4
Rand/Euro	6.3	10.4	6.3	-0.1
Rand/GBP Pond	7.2	11.0	5.6	-0.8

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	4.25%
Primakoers	7.75%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (Maart 2022)	
Hooflyn inflasie (VPI)	5.9%
Produsenteprysindeks (PPI)	10.9%

(Bron: SARB)

Maart oorsig

Die voortslepende konflik in die Oekraïne het die nuusopskrifte in Maart oorheers. As 'n kommoditeitsprodusent het SA ook baat gevind as alternatiewe verskaffer tot Rusland (wie gebuk gaan onder sanksies) van sekere kommoditeite. Naspers en Prosus het hul swak prestasie voortgesit en het onderskeidelik -33% en -39% vir die 1ste kwartaal van 2022 gedaal. Die prestasie van hul grootste onderliggende belegging, Chinese tegnologie-maatskappy, Tencent, is steeds onder druk as gevolg van die huidige swak sentiment heens Chinese beleggings.

Op sy Maart-vergadering het die Suid-Afrikaanse Reserwebank 'n verwagte rentekoersverhoging van 0,25% aangekondig, wat die repokoers op 4,25% te staan bring. Dit was sy derde agtereenvolgende verhoging in hierdie siklus. Die Monetêre Beleidskomitee se inflasie-voorspellings vir 2022 is met 0,9% tot 5,8% verhoog weens hoofsaaklik 'n styging in die pryse van brandstof en voedsel. Suid-Afrika se jongste werkloosheidsdata is vir die vierde kwartaal van 2021 op 35,3% gerapporteer – die jeugwerkloosheidskoers bly op 'n verbysterende hoë 65,5%.

Die eerste kwartaal van 2022 was moeilik vir markte regoor die wêreld met onverwagte hoë vlakke van wisselvalligheid. Die tragiese en vernietigende Russiese inval in die Oekraïne in die laaste week van Februarie, en die ongekende vlak van sanksies wat teen Rusland ingestel is, het selfs verdere onsekerheid geskep. Kommoditeite is goed ondersteun deur knelpunte in die voorsieningsketting en 'n oplewing in wêreldwye vraag.

Globale aandelemarkte het egter middel Maart begin herstel namate sentiment ietwat verbeter het. Beleggersentiment teenoor China was baie swak as gevolg van die hernude regulatoriese ongeruimdhede in Chinese maatskappye en ook vermoedens van China se moontlike ondersteuning van die Russiese inval in die Oekraïne. 'n Skerp styging van Covid-19-gevalle het gelei tot plaaslike inperkings in verskeie stede in China.

Die Amerikaanse Federale Reserweraad het op sy vergadering op 16 Maart aangekondig dat hy rentekoerse met 0,25% gaan verhoog. In baie opsigte was dit die Fed wat inhaal op wat die mark reeds verwag.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).